

Tifus

Wat het vlooië, luise, myte en [vlieë](#) in gemeen? Hulle almal kan die draers van **bakterieë** wees wat die mens baie, baie siek kan maak. **Tifus** is die naam van verskeie [oordraagbare siektes](#) wat deur piepklein lewendige dinge genaamd bakterieë veroorsaak word. Bakterieë is klein [organismes](#) wat infeksie en besmetlike siektes veroorsaak. Die **simptome** van tifus sluit hoofpyn, koors en 'n veluitslag in. ¹



Vlooië, luise, myte en vlieë dra die *rickettsia*-bakterieë wat tifus kan veroorsaak. **Rickettsia** is organismes wat ernstige siektes by mense en diere kan veroorsaak, soos tifus en bosluisbytkoors. Dié insekte kan mense of diere byt en hulle só besmet of die siekte deur hul ontlasting versprei. Die belangrikste en bekendste vorm van tifus is epidemiese tifus wat deur luise oorgedra word. Die tweede bekendste een is endemiese tifus. Dan is daar ook bostifus of tsutsugamushisiekte (deur myte oorgedra) en bosluistifus wat natuurlik deur bosluise oorgedra word. ²

Moderne higiëne en goeie **sanitasie** het meestal tifus in sy spoor gestuit, maar dit word vandag steeds deur besmette diere oorgedra of daar waar swak sanitasie voorkom.



Het jy geweet?

'n Mens kan maklik verward raak tussen tifus (*typhus* in Engels) en ingewandskoors of buiktifus (*typhoid* in Engels). Dit is egter nie dieselfde siekte nie. Tifus word opgedoen deur besmetting via 'n bakterie wat deur [insekte](#) oorgedra word, terwyl ingewandskoors deur bakterieë in kos oorgedra kan word.

³



Die twee hooftipes

Epidemiese tifus is ook al kampkoors, tronkkoors of oorlogkoors genoem.

Dit word deur die *Rickettsia prowazekii*-bakterie veroorsaak en word deur die liggaamsluis, *Pediculus humanus*, oorgedra. Luise kry die bakterie as hulle iemand met die siekte byt, want die lyster se bloed bevat die bakterie. Soos wat die luis weer iemand anders byt, word sy ontlasting op die insekbyt agtergelaat. As die persoon wat gebyt is, die insekbyt krap dan druk hy as't ware daardie besmette ontlasting in die wond in en word só met die siekte besmet. Die siekte word gewoonlik in plekke soos tronke gevind wat oorbevolk is en waar daar swak lewensomstandighede heers. Daar is ook een epidemiese tifus wat deur besmette eekhorings oorgedra word, maar dit is baie **seldsaam** (skaars). ²



Endemiese of muis- of vlooitifus (*murine typhus*) word deur vlooië oorgedra. Dit word deur die bakterie *Rickettsia typhi* veroorsaak, wat gewoonlik vanaf vlooië na muis en rotte oorgedra word. Mense kry dit deur in aanraking met die muis- of rotontlasting te kom.

Die siekte duur gewoonlik so lank soos epidemiese tifus, maar dis matiger en daar kom minder komplikasies voor. Daar is ook aansienlik minder sterfgevälle as met epidemiese tifus.

Daar is ook die sogenaamde bostifus, wat deur myte oorgedra word, en bosluistifus, wat natuurlik deur bosluise oorgedra word. ²



Simptome

Tifus word in die algemeen met antibiotika behandel. As 'n mens een van hierdie tipes opdoen, sal jy tipies ongeveer tien dae tot twee weke ná die besmetting begin siek word.

Simptome, soos kouekoors, koors, hoofpyn en spierpyne kan voorkom. 'n Veluitslag verskyn gewoonlik eers nadat die ander simptome ervaar is.

As 'n mens endemiese tifus het, kan jy dalk ook 'n gehoës, naarheid, maagpyn of aptytverlies ervaar. ⁴

Lyers van epidemiese tifus kan ook 'n gehoës, naarheid, braking, verwarring en vlak [asemhaling](#) ervaar.

Lyers van bostifus kan ook verwarring ervaar, en hul limfkliere kan opswel.



Hoe kry 'n mens dit?

Insekte en ander **parasiete** versprei tifus as hulle mense byt en die bakterieë in ontlasting op die vel agterlaat. Soos voorheen genoem, kan 'n mens as jy die jeukende bytplek krap, die besmette ontlasting in die oop wond invryf en só besmet word. Die tifusbakterie word dan in die bloedstroom ingeneem. Met bostifus werk dit effens anders. 'n Besmette myt kan 'n mens byt en dan word jy dadelik besmet, selfs al krap jy nie die bytplek nie. ³



Diagnose

'n Bloedtoets sal die bakterie kan opspoor, maar dit vat soms weke om uitslae terug te kry. 'n Dokter wat vermoed dat iemand aan tifus ly, sal eerder dadelik vir 'n pasiënt antibiotika voorskryf om die siekte in sy spore te stuit. ³



Komplikasies

As tifus nie behandel word nie, kan dit ernstige gevolge hê en selfs dodelik wees.

Ernstige nagevolge sluit die volgende in:

- Brein- en rugmurginflammasie
- 'n Vergrote milt

- Inflammasie van die hartspier of -klep
- Interne bloeding
- Skade aan die niere of lewer
- Lae bloeddruk
- Septiese skok
- Longontsteking ³



Hoe kan 'n mens dit voorkom?

- Basiese higiëne is belangrik, veral in oorbevolkte gebiede. Bad gereeld, en trek skoon klere aan.
- Bly weg van rotte of muise wat tifus kan dra. Moenie kosafval in 'n erf los wat hulle kan lok nie.
- Spuit troeteldiere met produkte wat vlooië en myte beheer.
- As jy na plekke reis waar tifus voorkom, is 'n insekweerder baie belangrik.

³



Woordbank

bakterie	'n Klein organisme wat infeksie en besmetlike siektes veroorsaak.
parasiet	'n Organisme wat op 'n ander organisme teer.
rickettsia	Organismes wat ernstige siektes by mens en dier kan veroorsaak, soos tifus en bosluisbytkoors.
sanitasie	Die verwydering van riool- en ander afval van woonhuise en woongebiede.
seldsaam	Raar; kom nie baie voor nie.
simptome	Verskynsel of teken van 'n siekte.
tifus	Die benaming vir verskillende besmetlike siektes wat met hoë koors, bewussynsverlies en delirium gepaardgaan en deur insekte versprei word. ⁶

Lees hierdie artikels om nog meer te leer oor tifus

- [Wat is tifus?](#)
- [Die verskil tussen tifus en ingewandskoors](#)
- [Leer meer oor ektoparasiete](#)

Kyk na hierdie video's om nog meer te leer oor tifus

Wat is tifus?

Leer meer oor bakterieë en virusse

Meer oor parasiete (ook ektoparasiete)